**JESUS LY OM TE DIEN OMGEEGROEPE 15 – 21 MAART 2015**

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar met die oog op dankbaarheid en voorbidding.
2. INGENOOI IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – raak rustig en bid saam.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD – lees MARKUS 10:32-45 en MATTEUS 20:20-22 saam deur. In hierdie tyd kyk ons na die Here Jesus se lyding vir ons, en wat dit vir ons moet beteken in terme van ons daaglikse lewe. Wat tref jou dadelik ten opsigte van hierdie gedeelte? GESELS SAAM DAAROOR.
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – die wêreld, en ons saam met die wêreld, bly só selfgerig! Gesels oor verse 35-37 en ook vers 41. Elkeen selfgerig ten koste van ander…….
5. LUISTER VERDER NA DIE WOORD VAN GOD – LEES WEER MARKUS 10:32-45 en MATT. 20:20-22. Ons glo byna nie die onsensitiwiteit van Jakobus en Johannes nie. In verse 33-34 sê Jesus hoe Hy gaan ly. En tog dink hulle net aan hulself. Maar ons moenie te vining oordeel nie! Ons reageer ook soos vers 41. Ons is eintlik kwaad omdat ons self daardie ereplekke wil hê! Dit is dodelik in jou godsdiens om agter die Here aan te gaan vir wat jyself daaruit kan kry. Volg ons die Here om te dien, of om gedien te word? Ons bluf maklik onsself. Selfs ten opsigte van ons geliefdes waarvoor ons die beste wil hê. In Matt 20 kom die broers se ma saam met hulle, en vra dieselfde van Jesus t.o.v haar kinders. Natuurlik bedoel sy dit goed vir haar kinders! Jesus sê vir haar en haar kinders hulle weet nie wat hulle vra nie. Ons volg nie Jesus vir ereplekke nie, en maak ook nie ons kinders groot vir ereplekke nie. Jesus roep hulle dan almal nader, en sê dan vir hulle almal; ons is hier om Hom te volg met die doel om te dien, en ons lewe te gee, eerder as om gedien te word en te ontvang! Soveel so, dat Hy sy lewe as losprys gee daarvoor! In lydenstyd moet ons besef dat ons nie net deel in die vrug van Jesus se lyding nie, maar dat die lydensweg van Jesus ook 'n pad vóór ons is wat ons moet loop, juis in navolging van Jesus! Om myself te verloën, my kruis op te neem, en Jesus te volg! Dit moes hierdie ma en hierdie twee dissipel broers hier ontdek. Ons moet dit ook weer ontdek. Daarom sê Jesus in vers 39 dat Hy sal ly, maar dat sy volgelinge ook sal ly. Ly om die Here te dien en mense te dien. Ons beskerm onsself teen enige vorm van lyding, en doen dit ook t.o.v ons kinders. Ons berei hulle selfs nie voor om vir die Here te ly nie. Soos hierdie moeder en haar kinders, streef ons ook na ereposisies, sukses, voorspoed,status, ens. Selfgesentreerd leef ons vir onsself, en vir ons kinders. Jesus bring 'n korreksie aan in vers 43a, en brei dit uit met verse 43b-45. GESELS SAAM DAAROOR. Rom.6:3-4 sê ons word ingedoop in die dood en lyding van Jesus. Jy is gedoop, en jou kind word gedoop, om navolger van Jesus te wees. Om vir Hom te leef, te ly, en selfs te sterf! En jy kán! En jou kind sal ook kán, deur die Here se genade, en deur jou leiding as ouer. Dat jou kind in die Here se voetspore kan loop, soos jý! Hierdie twee broers sê in vers 39 hulle kán, en hulle het….Jakobus sterf 'n marteldood en Johannes word na Patmos verban. Die ma het óók gesê: "ONS KAN", in Matt. 20:22, sý en haar kinders! Jy en jou kinders kán vir die Here ly om te dien! Romeine 6 sê dat ons saam met Christus in sy dood ingedoop is, en ook soos Christus deur die magsdaad van die Vader opgewek is, en nou vir God lewe omdat ons een is met Christus Jesus!!
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN – gesels aan die hand van bogenoemde oor wat God doen!
7. ANTWOORD MET JOU LEWE – gesels oor hoe ons onsself en ons kinders onvoorwaardelik kan gee vir die Here, vir sy koninkryk en vir DIEN, in plaas van gedien te word.
8. BID SAAM OOR DIT WAARIN DIE GEES ONS LY TEN OPSIGTE VAN BOGENOEMDE.
9. BEVESTIG KLEINGROEP DIENSBEURTE EN ANDER BELANGRIKE INLIGTING.